Meer as oorwinnaars

Pierre De Villiers se oog is beter. Die sig is egter nog bietjie troebel of fokus nie so goed nie, wat veroorsaak dat albei die oë na dieselfde voorwerp kyk maar nie dieselfde "detail" sien nie. Hy sal weer oor ongeveer 6 weke die dokter gaan besoek. Ons bid en vertrou dat dit teen daardie tyd volkome herstel sal wees.

Ds. Freddie Schoeman van NG Lyttelton-Oos gemeente het gesterf. Die gedenkdiens vir Ds. Freddie sal eerskomende **Dinsdagoggend 25 April plaasvind, vanuit hul kerkgebou, om 11:00**.

Marthie Fourie was bevoorreg om op Sondag 9 April 2017 'n groot familiebyeenkoms in Johannesburg te kon bywoon waar familielede teenwoordig was wat van so ver as Namibie, Botswana en Kaapstad gekom het om haar moeder, Alida Kruger (weduwee van Ds. P.C. Kruger van Nylstroom/Modimolle) se tagtigste verjaardag te vier.

Irene van Schalkwyk is nog in Step-Down in Southdowns. Sy herstel stadig maar dit gaan goed met haar.

Julle ernstige gebede word vir Dirk de Villiers, seun van Dirk en Alta, gevra. Hy het 'n bloedklont in sy been en stukke daarvan het losgekom en in die long gaan sit wat veroorsaak het dat 'n deel van long dood is.

Baie geluk aan Daan en Jansie Kilian met die geboorte van hul eerste agterkleinkind. Hy, Max Xavier, in Australia gebore en danksê die nuutste tegnologie kon die trotse agter-grootouers darem 'n foto van die pragtige kleinding kry.

Dringend gesoek na 'n tuin woonstel in Lyttelton vir onder R3000.00. Dit is vir 'n dame van 49. Vir sodra / gou moontlik. Indien u kan help kontak asb. Sus Boshoff by

Die Aankondiger !

Kerkkantoor nr.: 012 664 6695

Lyttelton-Noord
Nederduitse Gereformeerde Gemeente

EREDIENST: ***23 April 2017***

Prediker: *Ds. Gideon du Toit*
Skriflesing: *Ps. 69 en Heb. 12*
Tema: *Draai van jouself na God!*
Liedere: *409:1-3; 415:1-3; 492:1-2; 525:1,3; 547:1-2*

Rusoord: *Rusoord wees nie.* **Jeug:** *18:00*

Genesis 1 : 25 God het die wilde diere op die aarde gemaak, elkeen na sy aard; ook die mak diere, elkeen na sy aard; en ook al die diere wat kruip, elkeen na sy aard. En God het gesien dit is goed.

In Tanzania is daar elke jaar 'n tyd dat derduisende wildebeeste, zebra's en ook ander kleiner boksoorte begin migreer na die grasvlaktes van die Serengeti. Afhangende van die reën, sal hul so middel November begin migreer en dan tot ongeveer April daar bly alvorens hul weer die terugtog aanpak. Ongelukkig gaan nie al hierdie diere hul bestemming bereik nie. Van hul gaan deur leeus gevang word. Ander gaan in oorvol riviere verdrink. Tog pak hul elke jaar die tog aan na die groener weivelde waar hul genoeg kos en water sal vind sodat die dragtige koeie aan gesonde kalfies die lewe kan skenk.

Hoe weet hierdie diere wanneer om die tog aan te pak? Hoe weet hulle dat daar groen weivelde sal wees? Skrik die gevare wat hul die vorige jaar ervaar het hul nie af nie?

Dis iets wat nie een van ons kan verstaan of verklaar nie, maar ons weet dat God hul so geskape het en dat dit goed was.

So verstaan ons ook nie altyd wat in ons lewens gebeur en hoekom ons daardeur moet gaan nie, maar ons kan verseker weet dat elke deel van die skepping haarfyn deur God beplan is en dat Hy tevrede daarmee is.

Gerhard Fourie

ONS WAARDES Lê OPGESLUIT IN EFESIëRS 4: 1 - 3

Laat julle roeping julle leefstyl bepaal. Met totale beskeidenheid en sagmoedigheid, met geduld moet julle mekaar in liefde verdra. Deur in vrede met mekaar te lewe, moet julle die eenheid wat die Gees bewerk het, bewaar.

Kennisgewingbord

Deurkollekte
Die week gaan dit vir:
Instandhouding

BRUINGELD
Sedert **21/11/2012** beloop die bedrag **R 19, 906.00**

NG SESMYLSPRUIT
Von Willichlaan 208
CLUBVIEW
012 660 0615

SONDAG
14 MEI 2017
18:00
SSIESPEL (gratis)

SOP & BROODJIE VANAF 16:30
R10

Indien u opsoek is na versorging vir u bejaarde moeder/vader, kan u my kontak. Daar is tans beddens beskikbaar by Rusoord Centurion in beide die verswakte mans en vroue afdelings.
Matrone Magda Colkett, Kontak no. 012 664-5835

BYBELSTUDIEGROEPE :

			Dinsdag	09:00	Noorde
				10:00	La Vie
Woensdag	09:00	Parkrand	Donderdag	09:00	Dienssentrum
	10:00	Lofdal		10:00	La Borie
				11:00	Protea

Baie geluk aan almal wat 23 April tot 29 April verjaar

Noemnaam	Van	Verjaar	Landlyn	Selfoon
Ina	Erasmus	04/23	012 664 0996	
Zani	Nel	04/24		082 223 3646
Jermaine	George	04/25		072 2230 490
Roelof	Janse Van Vuren	04/25	012 664 6621	
Megan	Marais	04/25		079 323 2956
CALITZ	THERON	04/25		
Undeen	Smart	04/27		074 624 5730
Antoinette	Cook	04/28		082 859 1955
Janco	Kriek	04/28	012 664 2329	072 218 1215
Madelein	Kroger	04/28		083 638 3670
Helene	Pretorius	04/28	012 664 1878	079 875 2363
Francois	Cockrell	04/29		079 564 5988
Annette	Kruger	04/29		076 834 9177
Rina	Morgan	04/29	012 644 0967	082 671 3030
Ewald	van Kradenburg	04/29	072 727 6797	083 660 2290

Doelwit vir
Instandhouding / Plaveisel bydra



PRAGTIG!